
Jesus, ek vertrou op U!




# INHOUD


- **Goddelike Barmhartigheid Sondag**
- **Die Kapelet van Die Goddelike Barmhartigheid**
- **Litanie ter Ere van Die Goddelike Barmhartigheid**
- **Noveen tot Die Goddelike Barmhartigheid**
- **Die Kruisweg van Die Goddelike Barmhartigheid**

# GODDELIKE BARMHARTIGHEID SONDAG

Op die Sondag na Paassondag vier ons die Fees van die Goddelike Barmhartigheid van Jesus Christus. Dit het alles begin toe ‘n jongmeisie, genaamd Helena Kowalska, op 1 Augustus 1925 by die Kongregasie van die Susters van Onse Liewe Vrou van Barmhartigheid in Pole ingetree het. Sy het die kloosternaam, Faustina, aangeneem.

Sr. Faustina was een van die merkwaardigste figure van die 20ste eeu. Aan haar het God buitengewone gunste verleen: Sy ervaar ongelooflike visioene van Jesus Christus, beskik oor die gawe van profesie en ontvang ‘n baie spesiale openbaring van God se eindelose en ondeurgrondelike Barmhartigheid. Sy kry die taak om die mense van ons tyd te herinner aan die waarheid omtrent die Barmhartige Liefde wat God vir elkeen van ons het. In 1931 het die Here Jesus aan haar verskyn en haar die volgende opdrag gegee:

‘Maak ‘n afbeelding van My soos jy My nou hier sien en skryf onderaan ‘Jesus, ek vertrou op U’. Laat hierdie afbeelding wêreldwyd vereer word en daar waar dit vereer word belowe Ek dat dié mense wat aan My Barmhartigheid vasklou nie verlore sal gaan nie…Die ligte wit straal beteken die water uit My sy, wat die siel reinig; die rooi straal stel My Bloed voor wat die siel lewe gee. Hierdie twee strale skyn uit die diepte van My Barmhartigheid, toe My Hart deurboor is met die lans. Hierdie ligstrale beskerm

dié siele wat eintlik a.g.v. hul sondes die straf verdien. Geluksalig sal dié siele wees wat in hierdie twee ligstrale lewe. Die Goddelike Regverdigheid sal hulle spaar. Ek sal die huise en selfs die stede begenadig en beskerm waar dié afbeelding vereer word. Geen rus of vrede sal die mens vind totdat hy hom nie oorgee aan God se Barmhartigheid nie…'

Sr. Faustina sterf in 1938. Dit was eers ná haar dood dat haar uitsonderlike verhouding met Jesus Christus aan die lig gekom het. So nederig en stil was sy dat selfs haar medesusters in die klooster nie geweet het van haar visioene nie. Die afgelope paar dekades het dié verering van die Goddelike Barmhartigheid wêreldwyd toegeneem. Sr. Faustina is op 18 April 1993 deur pous Johannes Paulus II salig verklaar. Op 30 April 2000 het dieselfde pous haar heilig verklaar. Voor haar dood het sy in haar dagboek geskryf: 'Ek voel seker dat my sending hier op aarde nie met my dood sal eindig nie. O julle twyfelende siele, trek oop die gordyn wat julle daarvan weerhou om God se goedheid en barmhartigheid raak te sien!'

## MEDITASIE

Die Here Jesus het op 'n dag aan die heilige Faustina gesê: 'Die mens sal nooit vrede vind totdat hy al sy vertroue in my Goddelike Barmhartigheid geplaas het nie.' (Dagboek, bls. 132). Goddelike Barmhartigheid! Dit is die groot Paasgawe wat die Kerk van haar Opgestane Here ontvang en hier aan die begin van die derde millennium aan die mensdom bied.

Aan sy apostels het Jesus die gawe toevertrou ‘om sondes te vergewe’, en dié gawe vloei uit die wonde van sy hande, sy voete en sy deurboorde sy. Deur dié gawe stroom daar as’t ware ’n brander van barmhartigheid oor die hele mensdom. Kom ons herdenk en herleef dié oomblik met ware geestelike intensiteit. Vandag toon die Here ons sy glorieryke wonde en sy hart, dié onuitputlike bron van lig en waarheid, van liefde en vergifnis.

Die Hart van Christus! Deur die ‘Allerheiligste Hart’ van Jesus verkry die mens alles wat hy nodig het: Verlossing, redding en heiliging. Die heilige Faustina Kowalska het aanskou hoe dié Hart van Jesus oorloop van vrygewige liefde. Sy het dit gesien in die vorm van twee ligstrale wat uit Jesus se Hart straal en die donker wêreld verlig. Soos Jesus haar vertel het, versinnebeeld dié twee strale ‘die bloed en water’ (Dagboek, bls. 132). Die bloed herinner ons aan die Kruisoffer op Golgota en die geheimenis van die Eucharistie. Die water, volgens die ryk simboliek van die Evangelis Johannes, herinner ons aan die Doop en die Gawe van die Heilige Gees (vgl. Joh. 3:5; 4:14).

Deur die geheimenis van sy Gewonde Hart word die helende gety van God se barmhartige liefde ook in ons tyd aan manne en vroue deurgegee. Slegs hier ontdek diegene wat op soek is na ware en blywende geluk die geheim daarvan.

‘Jesus, ek vertrou op U.’ Hierdie gebed, wat so ná aan die harte van die gelowiges lê, verwoord die regte ingesteldheid wat ons behoort te hê: Om onsself met absolute vertroue oor te gee in die hande van onse Here, ons enigste Heiland.

Ons brand om bemin te word en 'n beskawing van liefde op te bou. Gee jouself eenvoudig oor aan God en jy sal al die donker hindernisse van twyfel en desperaatheid kan oorkom. Die strale van Jesus se Barmhartigheid gee hoop aan diegene wat oorweldig word deur die las van hul eie sonde.

Maria, Moeder van Barmhartigheid, help ons om altyd dié vertroue te hê in u Seun, ons Verlosser.
*Pous Johannes Paulus II*

# Die Kapelet van Die Goddelike Barmhartigheid

**1. Begin deur die kruisteken te maak en te bid:**

In die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. Amen.

**2. Bid nou die Onse Vader-gebed:**

Onse Vader, wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word. Laat u Koninkryk kom, laat u Wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. (Want aan U behoort die koninkryk, die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid). Amen.

**3. Bid nou die Wees Gegroet-gebed:**

Wees gegroet Maria, vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue, en geseënd is Jesus, die Vrug van u skoot. Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

**4. Bid nou die Apostoliese Geloofsbelydenis:**

Ek glo in God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy Eniggebore Seun, onse Here, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die Maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is; wat neergedaal het na

die doderyk, die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewendes en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die heilige katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees, en die ewige lewe. Amen.

**5. Bid nou:**

Ewige Vader, aan U bied ek die Liggaam, Bloed, Siel en Goddelikheid van u Beminde Seun, onse Here Jesus Christus, as offerande vir ons sondes en die sondes van die wêreld.

**6. Bid nou tien keer die volgende:**

Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld ter wille van sy Passie.

**7. Herhaal nou 5 en 6 vyf keer.**

**8. Bid ter afsluiting van die kapelet die volgende drie keer:**

Heilige God, Heilige Almagtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons, en oor die hele wêreld.

# LITANIE TER ERE VAN DIE GODDELIKE BARMHARTIGHEID

Here, ontferm U oor ons; ***Here, ontferm U oor ons.***
Christus, ontferm U oor ons; ***Christus, ontferm U oor ons.***
Here, ontferm U oor ons; ***Here, ontferm U oor ons.***
Christus, hoor ons; ***Christus verhoor ons.***

God, Hemelse Vader, ***ons vertrou op U.***
God, Seun Verlosser van die wêreld, ***ons vertrou op U.***
God Heilige Gees, ***ons vertrou op U.***
Allerheiligste Drie-enige God, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, hoogste volmaaktheid van die Skepper, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, grootste volmaaktheid van die Verlosser, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, oneindige liefde van die Gees, wat ons heilig, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, onbegryplike geheimenis van die Heilige Drie-eenheid, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, bewys van die grootste Goddelike Mag, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat die hele wêreld omvat, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons die ewige lewe skenk, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons behoed teen die straf wat ons verdien, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons bevry van die ellende van die sonde, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons deur die Vleesgeworde Woord verlossing skenk, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ontspring uit Christus se Wonde, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat na ons toe vloei uit die Heilige Hart van Jesus, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons die allerheilige Maagd geskenk het as Moeder van Barmhartigheid, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat Uself openbaar deur die Goddelike Geheimenisse, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat sigbaar geword het met die stigting van die Kerk, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons in die Sakramente strome van genade gee, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat so besonder werksaam is in die Sakramente van die Doop en Versoening, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, teenwoordig in die Heilige Eucharistie en die Priesterskap, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons tot die Heilige Geloof roep, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat sondaars bekeer, ***ons vertrou op U.***

Jesus, ek vertrou op U!

Goddelike Barmhartigheid, wat die regverdiges heilig, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat die heiliges tot volmaaktheid bring, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, verfrissende Bron vir die siekes en bedroefdes, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, troos en rus vir ons hart, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, hoop van die hopeloses, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons bestendig op ons lewensweg begelei, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, wat ons met genade oorlaai, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, vrede vir die sterwendes, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, hemelse vreugde van die uitverkorenes, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, verkwikking en lig vir die siele in die vaevuur, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, kroon van die heiliges, ***ons vertrou op U.***

Goddelike Barmhartigheid, onuitputlike bron van wondere, ***ons vertrou op U.***

Lam van God, wie se oneindige Barmhartigheid die wêreld op die kruis red, ***vergewe ons.***

Lam van God, wat Homself in elke Sakrament vir ons opoffer, ***verhoor ons.***

Lam van God, wat in u onuitputlike Barmhartigheid die sonde van die wêreld wegneem, ***toon u medelye aan ons.***

Die Barmhartigheid van God gaan al sy werke te bowe.
***Daarom wil ons vir ewig God se barmhartigheid besing.***

Laat ons bid:

God, daar is geen grense aan u Barmhartigheid nie en u medelye met ons is onuitputlik: sien goedgunstig op ons neer en vermeerder in ons die werke van u Barmhartigheid sodat ons nooit in wanhoop sal verval nie, selfs nie te midde van die grootste beproewinge en ergste omstandighede nie. Laat ons onsself altyd in volle vertroue onderwerp aan u Heilige Wil, wat die Barmhartigheid self is.

Deur onse Here Jesus Christus, die Koning van Barmhartigheid wat met U in die eenheid van die Heilige Gees sy Barmhartigheid toon, tot in alle ewigheid. Amen.

*Jesus, ek vertrou op U!*

# NOVEEN TOT DIE GODDELIKE BARMHARTIGHEID

Die Here Jesus het sr. Faustina opdrag gegee om ‘n noveen neer te skryf ter voorbereiding op die Fees van die Goddelike Barmhartigheid, wat op die eerste Sondag ná Pase gevier word. Hierdie noveen word dus op Goeie Vrydag begin (maar dit kan ook deur die res van die jaar gebid word).

Aan die heilige Faustina het die Here die volgende gesê: “Dit is My begeerte dat jy gedurende nege dae alle siele na die bron van My Barmhartigheid sal lei, sodat hulle daar krag sal ontvang en al dié genadegawes wat hulle nodig gaan hê vir die moeilikhede van die lewe en veral in die uur van hul dood. Elke dag moet jy ’n groep siele na My Hart bring en hulle onderdompel in die oseaan van My Barmhartigheid. Dit sal in hierdie lewe en in die toekomstige jou taak wees. Elke dag moet jy My Vader, ter wille van My smartlike lyding, om genade smeek vir hierdie siele.”

**Eerste Dag**

Jesus sê: Bring vandag die hele mensdom na My toe, in die besonder alle sondaars, en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Daarmee verminder jy My droefheid oor die verlore siele.

Op voorspraak van die ‘Moeder van Barmhartigheid’ bid ons om God se ontferming oor die hele mensdom en in die besonder alle sondaars.

Barmhartige Jesus, U is vol liefde en vergifnis, let nie op ons sondes nie, maar op die vertroue wat ons in u oneindige goedheid stel. Neem ons op in u Hart vol medelye. Daarvoor smeek ons U, ter wille van die liefde wat U met die Vader en die Heilige Gees verenig.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Ewige Vader, sien met barmhartigheid neer op die hele mensdom en in die besonder alle sondaars. Wees ons barmhartig, ter wille van die smartlike lyding van u Seun, onse Here Jesus Christus, sodat ons almal die almag van u barmhartigheid tot in alle ewigheid kan prys.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming, o heilige Moeder van God. Laat ons nie in ons nood alleen nie, maar verlos ons altyd van gevare, o glorieryke Geseënde Maagd Maria, onse Liewe Vrou en Middelares, ons Voorspreekster. Versoen ons met u Seun, beveel ons vir Hom aan en plaas ons voor Hom. Amen.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Tweede Dag**

Jesus sê: Bring My vandag alle priesters en kloosterlinge en Godgewyde mense en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Dit is hulle wat My die krag gee om My bitter lyding te verduur.

Op voorspraak van die ‘Moeder van die Kerk’, die Middelares van alle genade, bid ons vir alle priesters en geestelikes.

Barmhartige Jesus, van U kom alle goedheid. Ons bid U: Vermeerder die genade in die siele van die priesters en geestelikes sodat hulle diep bewus sal word van hul eie roeping en hulle vol vertroue sal toelê op die werke van barmhartigheid. Laat hulle deur hul voorbeeld siele na die Vader van Barmhartigheid toe lei om Hom te verheerlik.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Hemelse Vader, sien vol goedheid neer op u uitverkorenes en gee hulle die genade van u seëninge, sodat hulle deur die verdienste van u Seun vol ywer sal werk vir die heil van alle mense en vir hulle die volheid van u Barmhartigheid sal verkry.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Derde Dag**
Jesus sê: Bring My vandag alle getroue en vrome siele en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Hierdie siele het My op My kruisweg vertroos. Hulle was die druppel troos in die oseaan van My smart.

Op voorspraak van Maria, die ‘Hulp van alle Christene, bid ons vir almal wat trou bly aan die ware geloof.

Barmhartige Jesus, U wil die genadeskatte van u barmhartigheid in oorvloed aan alle mense skenk. Ons bid U, bemoedig alle getroue siele met die genade van volharding en ontvlam in hulle die vuur van u onpeilbare liefde, die liefde wat U vir u hemelse Vader het.

*Jesus, ek vertrou op U!*

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Goeie Vader, sien vol liefde neer op die getroue siele. Skenk hulle, ter wille van die smartlike lyding van u Seun, die volheid van die genade van u Heilige Gees, sodat hulle met al die engele en heiliges u oneindige Barmhartigheid tot in ewigheid sal prys.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Vierde Dag**

Jesus sê: Bring My vandag almal wat nie in My glo nie en almal wat My nie ken nie. Tydens My bitter lyding het Ek ook aan hulle gedink. Hul ywer in die toekoms was vir My Hart 'n vertroosting. Dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid.

Op voorspraak van Maria, 'Moeder van alle volke', bid ons vir hulle wat nie in God glo nie en vir hulle wat nog nie vir God ken nie.

Barmhartige Jesus, U is die Lig van die wêreld. Bevry hulle wat U nog nie ken nie, uit die duisternis van hul eie gees en laat hulle in u Hart rus en ware vrede vind. Mag die strale van u genade hulle verlig, sodat ook hulle die heerlikheid van u Barmhartigheid sal prys.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Ewige Vader, sien genadig neer op die siele van diegene wat nie in U glo nie en U nog nie ken nie. Bring hulle tot die erkenning

van die waarheid van die Evangelie van u Seun, sodat hulle die ewige vreugde van die hemel mag bekom en tot in ewigheid u Barmhartigheid prys.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Vyfde Dag**

Jesus sê: Bring My vandag al die siele van ons afgedwaalde broers en susters en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Tydens My bitter lyding het hulle My Liggaam en My Hart verskeur. Wanneer hulle terugkeer in die skoot van die Kerk, sal hulle My wonde genees en My smart vertroos.

Op voorspraak van Maria, Toevlug van sondaars en Oorwinnaar van alle duiwelse boosheid en vergrype, bid ons vir hulle wat afvallig geword het van hul geloof en hulle wat die pad byster geraak het.

Barmhartige Jesus, U is die goedheid self en weier niemand, wat U daarom vra, die lig van u genade nie. Neem al ons afgedwaalde broers en susters in u Barmhartige Liefde op en bring hulle terug in die skoot van u Kerk, sodat hulle u grenslose barmhartigheid kan loof en prys.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Oneindige Heilige God, Ewige Vader, betoon medelye aan ons afgedwaalde broers en susters; hulle wat u genade misbruik. Slaan ter wille van die smartlike lyding van u Seun nie ag op hul ontrouheid nie; Hy wat so innig vir die eenheid van sy Kerk gebid het.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Sesde Dag**

Jesus sê: Bring My vandag al die sagmoedige, nederige siele en die siele van kindertjies en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Hulle harte stem die meeste met My eie Hart ooreen. Hulle het My in My bittere doodsangs versterk en oor hulle stort Ek strome van genade uit. Dit is slegs nederige siele wat werklik in staat is om genade te ontvang. Aan nederige siele skenk Ek My vertroue.

Op voorspraak van ons hemelse Moeder, die nederigste Diensmaagd van die Here, wat haar verhef het tot Koningin van hemele en aarde, bid ons vir alle sagmoedige siele, vir hulle wat oor ’n kinderlike vertroue beskik en vir alle kindertjies.

Barmhartige Jesus, U het gesê: “Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van Hart”. Ons vra U, neem die kindertjies en die siele wat net soos hulle sagmoedig en nederig is, op in u Heilige Hart. Mag U blydskap in hulle vind wat soos geurige blomme voor u Goddelike troon staan. Bewaar hulle in u Hart as ’n loflied op u Barmhartige Liefde.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Vader vol ontferming en God van alle vertroosting, sien genadig neer op die siele wat U welgevallig is en ooreenstem met die Hart van u Seun. Seën ter wille van hulle die hele wêreld, sodat almal u onmeetlike Barmhartigheid kan prys.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

*Jesus, ek vertrou op U!*

**Sewende Dag**

Jesus sê: Bring My vandag al die siele wat 'n besonder verering vir My Barmhartigheid het – hulle wat My Barmhartigheid voor die mense verheerlik. Dit is hierdie siele wat die meeste in My lyding deel en die diepste deurdring tot My Hart. As lewende afbeeldings van My Barmhartige Hart sal hulle in die hiernamaals met 'n besondere glans skitter. Geeneen van hulle sal ooit die poorte van die hel binnegaan nie. In die uur van hul dood sal Ek hulle bystaan.

Op voorspraak van die Moeder van Barmhartigheid bid ons vir hulle wat God se Barmhartigheid op 'n besondere wyse vereer en verheerlik.

Goeie Jesus, u Hart stroom oor van Barmhartige Liefde. Laat alle apostels van u Barmhartigheid weet hulle is veilig in u beskerming. Versterk hul vertrou op u almagtige hulp in alle lyding en beproewinge, wat hulle op hulself neem om in eenheid met U van die hemelse Vader onafgebroke genade en barmhartigheid vir die hele mensdom te verkry. Laat hulle nooit in hul ywer verflou nie. Wees vir hulle in die uur van hul dood geen regter nie, maar die barmhartige Verlosser.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Ewige Vader, sien genadig neer op die siele wat u ondeurgrondelike Barmhartigheid in die besonder vereer en verheerlik. In troue navolging van u Seun lewer hulle na die beste van hul vermoëns getuienis van u Barmhartigheid. Laat

hul liefde al hoe groter word en skenk hulle ’n grenslose vertroue in u goedheid, sodat hulle in hul lewens die belofte van die Verlosser sal verkry. Laat hulle in die uur van hul dood op ’n besondere wyse die beskerming van u Barmhartigheid ervaar.

Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Agste Dag**

Jesus sê: Bring My vandag al die siele wat in die vaevuur is en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid sodat die strome van My Bloed hul lyding sal versag. Ek het hierdie siele baie lief omdat hulle besig is om genoegdoening te verskaf aan My Geregtigheid. Uit die skatte van die Kerk kan julle aan hulle verligting besorg; deur aflate, gebede en opoffering te maak. As julle maar weet waardeur hulle nou moet gaan, sou julle onophoudelik vir hulle bid en offers bring om hul skuld aan My Geregtigheid af te los.

Op voorspraak van Maria, Troosteres van die bedroefdes, wat sonder ophou voor God se troon vir ons voorbidding doen, bid ons vir die siele in die vaevuur.

Barmhartige Heiland, U het gesê: wees barmhartig soos my Vader barmhartig is”. Ons smeek U: Ontferm U oor die siele in die vaevuur. Laat die strome van u Kosbare Bloed en water, wat uit u sy gekom het, die gloeiende vuur wat hulle reinig temper. Laat die onmeetlike leed van hierdie siele verander word in bevrydende vreugde sodat hulle die mag van u Barmhartigheid tot in alle ewigheid sal prys.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Barmhartige Vader, sien met u oneindige Liefde neer op die siele in die vaevuur. Ter wille van die smartlike lyding van u Seun skenk hulle deur die bloed uit sy wonde die volheid van u Barmhartigheid.

**Salve Regina**

Wees gegroet, Koningin, Moeder vol barmhartigheid,
ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet.
Tot u roep ons, verbanne kinders van Eva;
tot u smeek ons wat sug en ween in hierdie tranedal.
Rig dan, o voorspreekster, op ons u barmhartige oë
en toon aan ons ná hierdie ballingskap,
Jesus, die geseënde vrug van u skoot.
O genadige, o liefdevolle, o beminde Maagd Maria.
Ons neem ons toevlug tot u beskerming.

**Negende Dag**

Jesus sê: Bring My vandag al lou siele en dompel hulle in die oseaan van My Barmhartigheid. Hierdie siele wond My Hart die ergste. In die Tuin van Getsemane het My siel die grootste walging moes verduur as gevolg van hierdie siele. Dit is hulle wat My laat sug het: "Vader, as U wil, laat hierdie beker by My verbygaan. Maar laat nogtans u wil en nie myne nie geskied". Vir hulle is My Barmhartigheid die laaste redding.

Op die besondere voorspraak van Maria, Toevlug van sondaars, bid ons vir al die lou siele.

Allerliefste Jesus, in u verlossende lyding is daar plek vir alle siele. Neem in u oneindige Barmhartigheid al die lou en koue siele op in u gemartelde Hart en verwarm hulle met die vuur van

u Goddelike Liefde. Besiel hulle met nuwe ywer om U te dien en om deur u oneindige verdienste na hul ewige heil te verlang.

Onse Vader...
Wees gegroet...
Eer aan die Vader...

Ewige Vader, sien vol barmhartigheid neer op die lou siele, hulle wat die Hart van u Seun soveel pyn besorg het. Help hulle om met U versoen te word deur die heilige lyding en sterwe van U Seun, wat Hy in elke Heilige Mis op ons altare teenwoordig maak. Skenk hulle die genade van bekering, sodat hulle u Goddelike Barmhartigheid nou en later in die hemel sal prys.

# DIE KRUISWEG VAN DIE GODDELIKE BARMHARTIGHEID

***Leier:*** In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees.

***Almal***: Amen.

***Almal***: Here Jesus, vandag dink ons met liefde terug aan die pad waarlangs U na Golgota geloop het. Só met u eie lewe het U die beloftes wat U aan ons gemaak het nagekom – om vir ons sondes te sterf en ons ellendige en sondige lewens binne die barmhartige bereik van u Vader te plaas.

Ons onthou hoe blymoedig en geduldig U die kruis gedra het. Uit liefde vir ons het U die verskriklikste liggaamlike en geestelike lyding verduur. Hoe groot en onvoorwaardelik is u liefde vir ons nie! U liefde vir ons is groter as die pyn wat U moes verduur. U kruisliefde openbaar u hart vol vergifnis aan ons. U is waarlik die Goddelike Barmhartige.

Here Jesus, soos ons nou dié Kruisweg gaan loop, bid ons U: Gaan voor ons uit en lei ons in u voetspore. Help ons om waarlik berou te hê oor ons sondes – op dié manier sal ons op die regte pad bly.

**Gesang:**

*Jesus hou my by die kruis,*
*die fontein van lewe;*
*wat daar vloei vir almal vry*
*van sy lydingsheuwel.*

*In die kruis, in die kruis,*
*sal ek roem vir ewig;*
*tot my siel eens daar sal rus,*
*waar ons ewig lewe.*

*Na die kruis wend ek my eens*
*vir u heil en lewe;*
*daar het U my siel gered;*
*rig na U my strewe!*

## EERSTE STASIE

**Pontius Pilatus laat hom deur die Jode oorreed om die onskuldige Christus tot die dood te veroordeel.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, hoewel U onskuldig was, is U tot die dood toe veroordeel. Hulle het leuens omtrent U versprei en U gestraf en vervolg asof U ‘n misdadiger was.

Ons kan nie eintlik begryp waarom U nooit gekla of probeer het om Uself teen hul onwaarhede te verdedig nie. Vrylik het U die straf aanvaar, wat U nie verdien het nie.

Vir ons sondes het U baie gely. U liefde vir ons is oneindig groot. Ons kan soveel leer van u sagmoedigheid en nederigheid. Help ons om nie te skinder en leuens omtrent mekaar te versprei nie.

Laat ons ophou met die rugstekery wat ons naaste se waardigheid ondermyn. Gee ons die moed om altyd die waarheid te praat en dit nooit te ontken nie. Gee ons die genade om U in ons broers en susters te herken.

***Leier***: Omdat Hy ter wille van ons sondes tot die dood veroordeel is:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Daar waar liefde heers, en vrede,***
***daar waar liefde heers, daar is God met ons.***
***Ubi caritas, et amor, ubi caritas Deus ibi est.***

# TWEEDE STASIE

**Jesus aanvaar sy Kruis wat te swaar was vir sy swak liggaam.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Here Jesus, U het u kruis opgeneem, alhoewel dié kruis te swaar was vir u moeë, verswakte liggaam. Dit is ons sondes wat u kruis so swaar maak – dit is die las van al ons oortredinge wat U moes dra. Ten spyte van dié geweldige juk wat ons op u skouers plaas, bly U lief vir ons en vergewe U ons sondes.

Hoe lief het U ons nie! Hoe goed is U nie vir ons nie! En hoe reageer ons op u liefde en goedheid? Hoe dankbaar is ons werklik?

Help ons, Here, om los te kom van ons beheptheid met onsself. Ons staar ons blind teen ons eie begeertes en verlangens. Geen wonder ons sien nie ander mense raak nie – geen wonder ons verroer nie 'n vinger om mekaar by te staan nie.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil sy Kruis opgeneem het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Verbly jul alle volke, verbly jul in die Heer;***
***verbly jul alle volke en loof God altyd weer.***
***Laudate omnes gentes, laudate Dominum.***
***Laudate omnes gentes, laudate Dominum.***

# DERDE STASIE

**Verswak, vervloek, gepynig, mishandel en uitgeput struikel Jesus en val Hy neer in die stof, vanwaar Hy nog steeds in sy bloedige lyding sy oë hemelwaarts wend om sy Vader se verlossing oor ons sondaars af te smeek.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Here Jesus, die swaar gewig van u kruis het die laaste bietjie krag uit U geneem. U het ineengestort en tog het U weer opgestaan. Hieruit kan ons ‘n belangrike les leer: Hoe dikwels stort ons nie ineen onder die las van ons eie sondes nie. Dan lê ons ook bebloed in die stof, maar in ons geval is dit ons eie skuld. Help ons om te leer en te groei – uit ons foute te leer en weg te groei van ons sondes.

Met u bystand kan ons los kom van ‘n sinlose bestaan wat net op onsself gefokus is. Ons kan opstaan tot ‘n lewe met God as die middelpunt van ons verlange. Ons hoef nie meer die willose slaaf van ons eie begeertes te wees nie. Verlos ons van plesier wat nie geluk bring nie. Help ons om ons eie kruise met geduld te dra; laat ons nooit moedeloos word nie en gee ons die krag om saam met U op te staan.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil die eerste keer onder sy Kruis gestruikel het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, ‘n sondaar. (X3)*

***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom.***
***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom***

# VIERDE STASIE

**Daar op pad na Golgota kom Jesus sy bedroefde moeder teë. Diep het hulle in mekaar se oë gekyk.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Heilige Maria, Moeder van God! U ken die verblindende pyn van smart. Hoeveel pyn moes nie u nie verduur aan die voet van u Seun se kruis nie. Liewe Moeder, u is bekend met pyn en daarom verstaan u ook ons pyn. Bid vir ons en vra God om ons die gawe van ware berou te gee: Dat ons in ons eie harte die pyn mag voel wat u moes verduur en daardeur besef hoe ons sondes ons Heiland laat ly het. Mag ons op dié manier tot opregte berou kom en leer hoe om ons sondes af te sterf. Bid ook dat ons die gawe mag verkry om nie weer in sonde te verval nie.

Wees gegroet, Maria vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue, en geseënd is Jesus, die Vrug van u skoot. Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

***Leier:*** Wees gegroet, Hemelkoningin;

***Almal*** Wees gegroet, Vorstin van die Engele; wees gegroet o Wortel van Isaï; wees gegroet, o Poort, waaruit die Lig vir die wêreld opgegaan het. Verheug u, roemvolle Maagd, bo almal verhewe; wees gegroet u, vol skoonheid, en bid tot Christus vir ons. Amen.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil ook sy Moeder se smart op die pad na Golgota moes aanskou:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

*Miserere mei, Domine*

# VYFDE STASIE

**Op pad na Golgota het die soldate 'n man uit die skare, ene Simon van Cirene, gedwing om Jesus te help om sy kruis te dra.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here, U het aan die einde van u kragte gekom – U kan die kruis nie langer alleen dra nie. Die pad na Golgota is lank en moeisaam. En tog kan U op hierdie punt geen ander pad neem nie. Hoe dankbaar was U nie teenoor Simon, wat U kom bystaan het met die dra van die swaar kruis. Selfs al het hy dit nie uit sy eie gedoen nie, selfs al was hy gedwing om U te help – nogtans het U dit waardeer. En hoewel hy dit nie geweet het nie, was dit ook om Simon se eie ontwil – vir al sy sondes en tekortkominge – dat U besig was om die kruis te dra. Hoeveel beter is dit nie om te help omdat jy wil, en nie omdat jy moet nie.

Leer ons om lief vir U te word, deur U by te staan. Help ons om ander te help – help ons besef hoeveel ons daarby leer en baat vind. Gee ons die krag om na hulle in nood uit te reik. Gee ons die innerlike sterkte en moed om dit te doen wat U van ons vra.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil ook bereid was om Simon se teësinnige bystand te aanvaar:

***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Misericordias Domini in aeternum cantabo.***

# SESDE STASIE

**Soos die soldate verbygeloop het met Jesus gebuk onder sy kruis**
**het Veronica vinnig nader gestaan en Onse Heiland se bebloede gesig**
**met haar kopdoek afgevee. Die gelaat van Jesus is vasgevang op die doek.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, wanneer ons mekaar vertroos, versterk en bemoedig, ervaar ons u liefde en nabyheid. Help ons besef dat selfs die geringste gebaar van opregte medelye en kleinste bystand groot verligting aan iemand anders kan bring. Gee ons die wilskrag om om ons eie luiheid en ongevoeligheid te oorkom en ander by te staan. Gee ons oë wat ander se pyn en nood kan raaksien. Gee ons insig in ander se behoeftes en probleme.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil Veronica se liefdesdaad aanvaar het:

***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Adoramus O Christe***.

# SEWENDE STASIE

**Jesus struikel en val die tweede keer.**
**Nooit sal ons kan begryp hoe erg Jesus se pyn en lyding eintlik was nie.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, U het in ons swakheid gedeel en ons skuld op U geneem. Gee ons die vermoë om ons in ons menslike swakhede te verheug. Wanneer ons swak is bied dit U die geleentheid om deur ons sterk na vore te kom. Uit ons eie is ons tot niks wat goed is in staat nie. Ons swakheid maak ons juis geheel en al afhanklik van u krag en grootheid. Deur die Heilige Gees is u krag reeds binne-in ons aanwesig – laat ons swakhede nooit 'n hindernis vir u Gees se werking word nie, maar juis die werktuig waarmee u almag aan die wêreld geopenbaar kan word.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil selfs 'n tweede keer gestruikel en geval het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:
**Almal**: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Daar waar liefde heers, en vrede,***
***daar waar liefde heers, daar is God met ons.***
***Ubi caritas, et amor,***
***ubi caritas Deus ibi est.***

# AGSTE STASIE

**'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en geween het. Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: 'Vroue van Jerusalem, moenie oor My ween nie,**
**huil oor julleself en julle kinders'** ***(Lukas 23: 27-28).***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
**Almal**: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, dit wat U vir die vroue van Jerusalem gesê het, het ook betrekking op ons. In plaas daarvan om oor u lyding te ween, moet ons liewer oor ons eie sondes huil. Hoe dikwels ween ons nie oor ander se sondes en tekortkominge nie. Hoe dikwels is ons medelye nie vals en onopreg nie. 'n Berouvolle hart is meer aanneemlik vir U as enige vorm van simpatie. Here, vergewe ons al ons oortredings.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil die wenende vroue vertroos het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom.***
***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom***

# NEGENDE STASIE

**Jesus val die derde keer. Teen dié tyd wou dit werklik voorkom asof ons sondes en die sondes van die hele wêreld selfs die Seun van God sou onderkry.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, hoe swaar het die kruishout van ons sondes nie op U gedruk nie. U liggaam was so vol pyn en in so 'n verswakte toestand dat U weereens gestruikel en geval het. Tog het U weer opgestaan sodat ons nie verlore sou gaan nie, maar deur u kruisliefde gered kan word. U liefde vir ons was sterker as u liggaamlike uitputting. Help ons insien dat ons sondes en swakhede deur u liefde oorwin kan word. Help ons om U in ons lewens, veral in ons swakhede en sondes, toe te laat, selfs in dié gedeeltes van ons lewe waaroor ons diep beskaamd is.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil driekeer onder die gewig van die kruis geval het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Miserere mei, Domine***

# TIENDE STASIE

**Toe hulle by die plek kom wat Golgota, dit is Kopbeen, genoem word, het die soldate sy stukkende klere van sy bebloede lyf afgeskeur.**

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, dit was die soldate wat u klere van u lyf afgeskeur het, maar dit was u volksgenote wat U van u eer en waardigheid beroof het. Hulle het U vervloek en op U geskel. Hulle het U gespot en hul beledigings het op U afgereën. Tog het U dit alles om ons ontwil verduur.

Here, help ons onthou dat elke keer as 'n Christen sonde pleeg is ons besig om 'n bespotting van u liefde vir ons te maak. Ons sondes maak ons geloof dikwels belaglik. Ons sondes onteer die waardigheid van ons mede-Christene. Here help ons om nie onsself en ander te onteer deur op 'n onwaardige wyse op te tree nie.

***Leier***: Omdat sy klere ons ontwil van sy lyf afgeskeur is:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Verbly jul alle volke, verbly jul in die Heer;***
***verbly jul alle volke en loof God altyd weer.***
***Laudate omnes gentes, laudate Dominum.***
***Laudate omnes gentes, laudate Dominum.***

# ELFDE STASIE

**Toe hulle op Golgota kom, het hulle Hom daar saam met twee misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander aan sy linkerhand.**
**Toe sê Jesus: Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie'**
***(Lukas 23: 33-34, Johannes 19: 18).***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid:
Here Jesus, selfs aan die kruis was u gedagtes by ons. Selfs dáár het U nie vir 'n oomblik toegelaat dat u pyn en lyding die belangrikste ding in u lewe word nie. Selfs aan die kruis kon U nog vir ons intree en u Vader se vergifnis oor ons afsmeek. So lyk ware liefde – so tree egte liefde op. Dit is dié liefde waarna

ons so smag, dit is die enigste liefde wat ons kan vervul, dit is die enigste liefde wat ons ons eie pyn en lyding te bowe sal laat kom. Aan die kruis toon U ons hoe liefde en vergifnis een en dieselfde ding is. Ons bid U: Gee ons die krag en moed om so lief te hê. Gee ons ‘n berouvolle hart, wat op sy beurt ‘n vergifnisvolle hart word en wat weer op sy beurt geboorte kan gee aan ‘n hart vol ware liefde.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil gekruisig is:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, ‘n sondaar. (X3)*

**Per Crucem et passionem tuam.**
**Libera nos Domine, libera nos Domine, libera nos Domine, Domine.**

**Per Crucem et passionem tuam.**
**Libera nos Domine, libera nos Domine, libera nos, Domine, Domine.**

**Per sanctam resurrectionem tuam.**
**Libera nos Domine, libera nos Domine, libera nos, Domine, Domine.**

# TWAALFDE STASIE

***(Almal kniel)***

**Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: ‘Eli, Eli, lemá sabagtani?’ Dit is: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: ‘Hy roep vir Elia’. Een van hulle hardloop toe gou, vat ‘n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op ‘n stok vir Hom om te drink. Maar die ander sê:**

**'Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red'. Jesus het hard uitgeroep: 'Vader, in u hande gee Ek my gees oor' Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas.**
***(Matteus 27: 45-50, Lukas 23: 44-47).***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Jesus, uit liefde vir ons het U vlees aangeneem,
*R/* ***ontferm U oor ons.***
Jesus, om ons te help het U arm geword, *R/*.
Jesus, om ons te bemoedig het U veertig dae
in die woestyn gevas, *R/*.
Jesus, U het wonders gedoen om ons te genees, *R/*.
Jesus, U verdryf die boosheid uit ons lewens, *R/*.
Jesus, in die Tuin van Getsemané het U
in doodsangs bloed gesweet, *R/*.
Jesus, U is deur een van u eie vertrouelinge verraai, *R/*.
Jesus, U is voor Pilatus gebring en onskuldig veroordeel, *R/*.
Jesus, U is om ons ontwil belaster en beledig, *R/*.
Jesus, U is gegesel en gepynig, geslaan en op gespoeg, *R/*.
Jesus, U is na Golgota gelei en daar gekruisig, *R/*.
Jesus, U het ons lief, U het ons tot die dood toe lief, *R/*.
Jesus, U het u lewe opgeoffer sodat ons kan leef, *R/*.

***Leier***: Omdat Hy vir ons gesterf het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

Jesus, ek vertrou op U!

***Leier***: Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, ‘n sondaar. (X3)*

***Miserere mei, Domine***

# DERTIENDE STASIE

**Toe die soldate by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie. Maar een van die soldate het met ‘n spies in Jesus se sy gesteek en daar het dadelik bloed en water uitgekom. Hierna het Josef van Arimatea, wat ‘n dissipel van Jesus was, maar in die geheim, omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus mag neem. Die liggaam van Jesus is van die kruis afgehaal en in die arms van sy moeder gelê.** ***(Johannes 19: 34, 38).***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Here Jesus, deur u dood het daar vir ons en vir die hele wêreld ‘n eindelose bron van barmhartigheid ontspring. U het die Bron van Lewe, die Fontein van Goddelike Barmhartigheid, vir ons geword. U het Uself volledig vir ons uitgestort; en God se onmeetlike en grenslose liefde vir sy skepsels openbaar. In U plaas ons al ons hoop en vertroue, by U vind ons vergifnis in oorvloed en deur U verkry ons die ewige lewe.

***Leier***: Omdat Hy sy lewe vir ons gegee het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
**Almal**: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Daar waar liefde heers, en vrede,***
***daar waar liefde heers, daar is God met ons.***
***Ubi caritas, et amor,***
***ubi caritas Deus ibi est***

# VEERTIENDE STASIE

**Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.**
***(Matteus 27: 59 - 60).***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***
**Almal**: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Here Jesus, die graf kon U nie vashou nie. Dit wat as die einde van die menslike pad beskou word, die groot voldonge feit omtrent ons lewens, die diepste donkerste vrees van menswees, dit was vir U die drumpel tot nuwe lewe. Help ons om nie die graf te vrees nie. Help ons om nie oorrompel te word deur aardse vrese en kwellinge nie. Laat ons eerder die sonde vrees. Gee ons die krag om alles in ons lewe af te sterf wat nie van U is nie.

***Leier***: Omdat Hy om ons ontwil in die graf neergelê is:
**Almal**: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier***: Daarom bid ons:

***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom.***
***Jesus, o dink aan my, wanneer u, Heer, in u ryk kom***

# VYFTIENDE STASIE

**Ná die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus en Salomé met reukolie om Jesus te salf na die graf gegaan. Hulle het onder mekaar gevra: Wie sal vir ons die klip voor die ingang wegrol. Toe hulle daar kom, was die klip alreeds weggerol en toe hulle die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle het groot geskrik. 'Moenie skrik nie!' sê hy vir hulle. 'Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe' *(Markus 16)***

***Leier:*** Ewige Vader, ek offer aan U die Liggaam en Bloed, Siel en Goddelikheid van u geliefde Seun, onse Here Jesus Christus.

***(Almal kniel)***

***Almal***: *As versoeningsoffer vir ons sondes en die sondes van die hele wêreld.*

Laat ons bid: Here Jesus, U het gesê: '**As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een, maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. Wie sy lewe bo My liefhet verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit**

**vir die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees.**' *(Johannes 12: 23-26)*. Gee ons nou die krag en wysheid om U elke oomblik van ons lewens te volg. Help ons sien dat dit beter is om u dienaar te wees as om ons tyd en energie en talente te verkwis deur 'n dienaar van die verbygaande wêreld te wees. Berei ons elke dag voor om uit ons eie dood op te staan.

***Leier***: Omdat Hy vir ons uit die dood opgestaan het:
***Almal***: *Ontferm U oor ons en oor die hele wêreld.*

***Leier****:* Daarom bid ons:
***Almal***: *Jesus, Seun van die Lewende God, ontferm U oor my, 'n sondaar. (X3)*

**Slot gesang:**

*Hou die kruis, o Lam van God,*
*nou vir altyd voor my;*
*leer my wandel dag na dag*
*met sy skadu oor my.*

*In die kruis, in die kruis,*
*sal ek roem vir ewig;*
*tot my siel eens daar sal rus,*
*waar ons ewig lewe.*

*By die kruis neem ek my stand*
*wagtend met vertroue,*
*tot geloof aan hemelstrand*
*oorgaan tot aanskoue.*

*Jesus, ek vertrou op U!*

———————————————————————————————

'Onthou My dogter, elke keer as jy die horlosie drie-uur hoor slaan, om jouself op daardie oomblik geheel en al aan My barmhartigheid oor te gee. Op daardie oomblik moet jy My barmhartigheid aanbid, dit verheerlik en sy almag oor die hele wêreld afsmeek, veral oor die arme sondaars. Dit was op daardie oomblik dat My barmhartigheid vir elke siel ontsluit is. Hierdie is die genade-uur vir die hele wêreld – barmhartigheid wat oor geregtigheid seëvier.

My dogter, probeer jou bes om, soos jou pligte dit toelaat, altyd die Kruisweg op dié tyd te bid. As jy dit nie kan doen nie, kom dan vir 'n oomblik na die kapel en aanbid die Allerheiligste Sakrament, My hart vol barmhartigheid. En as jy selfs nie tyd het om dit te doen nie, vra Ek jou, om waar jy jouself ookal bevind, jouself vir 'n oomblik in gebed te verdiep. Van elke skepsel vereis Ek aanbidding, maar veral van jou, want aan jou het Ek die diepste begrip van dié geheimenis gegee.' ***(Dagboek van St. Faustina, 1572)***.

———————————————————————————————